INHOUDSOPGAWE

Artikel	
Naam	**1**
Doelstellings	**4**
Bestuurskomitee	**5**
Bestuurskomiteebevoegdhede	**7**
Dissiplinêre onderkomitee	**8**
Beskermheer	**10**
Geaffilieerde organisasies	**11**
Appèl teen besluit of opdragte van die PWDU of PWDF	**13**
Lidmaatskap	**16**
Lewenslange erelede	**19**
Algemene vergaderings	**20**
Kennisgewings	**26**
Ledegeld	**28**
Finansies	**37**
Identifikasieringe	**43**
Wedvlugprogram	**46**
Welke duiwe mag deelneem	**50**
Prysgeld en nominasies	**56**
Inkorwing	**61**
Seël van korwe	**73**
Klokreëls	**75**
Bepaling van afstande	**123**
Vervoer, begeleiding en loslating van duiwe	**127**
Oornagwedvlugte	**136**
Algemeen	**142**
Wysiging van grondwet	**152**
Ontbinding van Combine	**153**
Beslegting van geskille en vertolking van grondwet	**155**

Goedgekeur 25-03-2008

GRONDWET VAN DIE PRETORIASE WEDVLUGDUIWE COMBINE 2007 WEERGAWE

Ten einde die wedvlugduiwesport vir die lede van die Pretoriase Wedvlugduiwe Unie en die Pretoria Wedvlugduiwe Federasie op ‘n meer ekonomiese grondslag te bedryf en terselfdertyd ook ‘n groter kompetisie basis te skep, is ‘n nuwe vereniging gestig waarby beide die Pretoriase Wedvlugduiwe Unie en die Pretoria Wedvlugduiwe Federasie geaffilieer het. Hierdie grondwet is vir die nuwe vereniging opgestel om die bedryf daarvan op 'n ordelike wyse te reël en te beheer en die regte, verpligtinge en verantwoordelikhede van die lede daarvan duidelik te omskryf. Die inwerkingtredingsdatum van die grondwet is 1 Junie 2007.

Goedgekeur 25-03-2008

NAAM

1. Die naam van die vereniging is die Pretoriase Wedvlugduiwe Combine (PWDC), hierna die Combine genoem.

2. Die Combine is 'n regspersoon wat kan dagvaar en gedagvaar kan word en wat vaste en roerende eiendom kan koop of op ander wyses kan bekom, hou en vervreem.

3. Die Combine bestaan uit 'n bestuurskomitee, beskermheer, lewenslange erelede en behoorlik toegelate lede van die Pretoriase Wedvlugduiwe Unie hierna genoem die PWDU en die Pretoria Wedvlugduiwe Federasie hierna genoem die PWDF.

DOELSTELLINGS

4. Die Combine se doelstellings is:

   (a) Om die belange van duiwewedvlugte te bevorder, aan te moedig en in die algemeen te steun en te beskerm.

   (b) Om reëls neer te lê vir die beheer en reël van duiwewedvlugte in die PWDU en PWDF en om sodanige reëls aan te vul of dit te herroep of te wysig, indien nodig, en om die nakoming daarvan af te dwing.

   (c) Om wedvlugduiwe, ringe, klokke, korwe, motorvervoer en ander benodighede wat van tyd tot tyd nodig geag mag word in die belang van die Combine te koop, te huur of op ander wyses te bekom en om dit te verhuur, te verkoop of op ander wyses mee te handel.

   (d) Om die teel van wedvlugduiwe te bevorder en aan te moedig.

(e) Om wetgewende maatreëls te bevorder of om die Staat, Provinsiale of Plaaslike Bestuursliggame of Owerhede te nader in verband met enige saak wat duiwewedvlugte regstreeks of onregstreeks raak.

(f) Om handelinge uit te voer wat as noodsaaklik beskou word in die belange van die Combine en wat nie met die bepalings van hierdie grondwet bots nie.

(g) Om voortdurend daarna te streef om die prestasie van die duif en die lid te erken deur nie ‘n lid of duif te diskwalifiseer weens eenvoudige administratiewe of tegniese foute wat ontstaan het, deur ‘n oorsig of onkunde aan die lid se kant nie.

BESTUURSKOMITEE

5. ‘n Algemene vergadering van alle lede van die Combine is die hoogste gesag van die Combine. ‘n Algemene vergadering delegeer egter sy magte na ‘n Combine bestuurskomitee vir algemene bestuursorde en praktyk. Die Combine bestuurskomitee is dan gebind deur hierdie delegasie en moet toesien dat die delegasie binne die raamwerke soos in hierdie konstitusie uiteengesit, uitgevoer word. Daar moet dus 'n bestuurskomitee wees wat bestaan uit genomineerde lede van die PWDU en die PWDF se onderskeie besture. Die PWDU en die PWDF moet elkeen minstens vier lede vir die Combine Bestuurskomitee benoem.

6. Tydens sy April vergadering moet die bestuurskomitee uit sy eie geledere 'n voorsitter en ondervoorsitter kies en uit die geledere van al die Combine se lede 'n sekretaris, tesourier, ringbeampte, vervoerbeampte en 'n wedvlugsekretaris.

BEVOEGDHEDE VAN BESTUURSKOMITEE

7. Die bestuurskomitee het die bevoegdhede om –

(a) vir 'n tydperk, of vir die oorblywende gedeelte van 'n jaar, lede van die Combine te koöpteer in vakatures wat in die komitee ontstaan as gevolg van die afwesigheid, siekte, bedanking of andersins van die sekretaris, tesourier, ringbeampte, vervoerbeampte en die wedvlugsekretaris, en / of vir enige ander doel waarvoor die bestuurskomitee dit nodig mag ag;

(b) die prosedure vir vergaderings van die komitee voor te skryf, met dien verstande dat –

(i) ten minste drie genomineerde lede van die PWDU plus drie genomineerde lede van die PWDF saam 'n kworum uitmaak;

Goedgekeur 25-03-2003

(ii) daar ten alle tye gepoog sal word om op die basis van konsensus besluite te neem.

(c) sones vir die doeleindes van Combine wedvlugte te bepaal en vas te stel;

(d) verordeninge wat nie strydig met die bepalings van hierdie grondwet is nie, te maak en die PWDU en PWDF skriftelik daarvan te verwittig;

(e) enige van die magte wat kragtens subartikel 7(r) aan hom gedelegeer, is, te delegeer aan enige bestuurslid. Daar moet by sy volgende vergadering aan die bestuurskomitee verslag gedoen word oor enige handeling wat die betrokke bestuurslid kragtens magte wat aldus gedelegeer is, uitgevoer het;

(f) die beslissing van die PWDU of PWDF oor enige saak wat die Combine raak, te hersien, te bekragtig, te wysig of tersyde te stel;

(g) van jaar tot jaar ouditeure aan te stel;

(h) van tyd tot tyd enige toetreegeld in te stel, te wysig of terug te betaal;

(i) uit die fondse tot die beskikking van die Combine bedrae te bewillig as honorarium of bonus vir die sekretaris, tesourier, ringbeampte, vervoerbeampte en die wedvlugsekretaris, of as skenkings of bydraes aan enige liefdadigheidsorganisasie;

(j) enige persoon as werknemer of beampte van die Combine te huur, om sodanige persoon se vergoeding te bepaal en om sy dienste na goeddunke op te skort of hom af te dank;

(k) enige roerende of vaste eiendom, insluitende obligasies, effekte en aandele, te koop, te verkoop, te huur of te verhuur, te wissel, oor te plaas of te ontvang en om al die fondse van die Combine in Staats- of munisipale effekte te belê, hetsy op vaste deposito of in spaarrekenings in banke;

(l) by wyse van resolusie die voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris en tesourier te magtig om namens die Combine ‘n bankrekening te open en alle volmagte, kontrakte of ander aktes of dokumente wat onderteken moet word, te onderteken en om wisselbriewe, promesses, tjeks en ander verhandelbare dokumente in verband met die Combine se sake te trek, te aanvaar, te endosseer, uit te maak en te verhandel;

Goedgekeur 25-03-2008

(m) geld teen die sekuriteit van vaste eiendom of ander bates van die Combine te leen en om verbande daarop te passeer of om ander sekuriteit te verskaf teen terme wat die bestuurskomitee mag goeddink;

(n) in die algemeen met die eiendom en fondse van die Combine te handel vir die doelstellings van die Combine;

(o) regsgedinge namens die Combine in te stel en te verdedig;

(p) te versoek dat spesiale algemene vergaderings belê word;

(q) te vergader op plekke en tye wat hy goeddink, met dien verstande dat die bestuurskomitee minstens een maal per maand gedurende die wedvlugseisoen moet sit;

(r) in die algemeen die sake van die Combine te administreer en te bestuur en om klubs wat deel uitmaak van die PWDU en PWDF te besoek wanneer inkorwing plaasvind of kloklesings geneem word, ten einde seker te maak dat die bepalings van hierdie grondwet en verordeninge nagekom word.

DISSIPLINÊRE ONDERKOMITEE

8. Daar moet 'n dissiplinêre onderkomitee wees wat –

(a) bestaan uit die voorsitter en twee lede van die bestuurskomitee, wat tesame 'n kworum uitmaak, met dien verstande dat die bestuurskomitee by die onttrekking of nie-beskikbaarheid van enigeen van bogemelde persone die mag het om enige vakature van uit die geledere van die bestuurskomitee te vul;

(b) die mag het om klagtes teen enige geaffilieerde klub van die PWDU of PWDF of enige lid van ‘n klub te lê, ondersoek in die stel daarna en daaroor te besluit en om enige klub of enige lid te berispe, te beboet, te skors en uit te sit indien hy behoorlik daaraan skuldig gevind word dat hy –

(i) willens en wetens die bepalings van hierdie grondwet of die verordeninge wat daar kragtens gemaak is, verbreek het;

(ii) opgetree het op 'n wyse wat nadelig is vir die belange of reputasie van die Combine;

(iii) opgetree het op 'n wyse wat onbetaamlik is vir 'n lid;

Goedgekeur 25-03-2008

(iv) in gebreke gebly het om 'n boete wat deur die dissiplinêre onderkomitee opgelê is, binne 'n maand na die oplegging daarvan te betaal.

9. 'n Appèl teen enige beslissing of opdrag van die dissiplinêre onderkomitee word deur die bestuurskomitee ontvang, op voorwaarde dat –

(a) daar binne sewe dae vanaf die datum van die besluit of opdrag waarteen geappelleer word, skriftelik aan die sekretaris kennis van appèl gegee word;

(b) die bestuurskomitee die mag het om sodanige besluit of opdrag te bekragtig, te wysig of op enige wyse hoegenaamd ter syde te stel.

BESKERMHEER

10. (a) Indien 'n persoon aansien in die gemeenskap het, 'n belangstelling in die wedvlugduiwesport openbaar, en kan meehelp om toestande te skep wat tot die bevordering van die wedvlugduiwesport sal bydra, kan hy vir 'n tydperk van drie (3) jaar as die beskermheer van die Combine aangewys word. Aanwysings as beskermheer kan slegs geskied na 'n besluit te dien effekte deur die bestuurskomitee.

(b) 'n Beskermheer betaal geen ledegeld nie, het sittings reg op alle algemene en bestuursvergaderings, maar beskik nie oor stemreg nie en word ook nie bygereken wanneer 'n kworum bepaal word nie.

(c) Beskermheerskap kan slegs voor verstryking van die aanwysingstermyn beëdig word indien die persoon self bedank, maar 'n beskermheer mag na verstryking van die aanwysingstermyn weer as beskermheer aangewys word.

GEAFFILIEERDE ORGANISASIES

11. Lidmaatskap van die Combine word beperk tot die PWDU en die PWDF en geen direkte aansoek om affiliasie tot die Combine sal van enige wedvlugduiwe vereniging, wedvlugduiwe unie of wedvlugduiwe klub oorweeg word nie. Indien daar egter reserwe kapasiteit op die Combine vervoerstelsel beskikbaar is, kan wedvlugduiwe verenigings, unies en klubs in die omgewing van Pretoria aansoek doen om van die Combine se vervoer geriewe gebruik te maak en in die geval van gesamentlike loslatings, kan sulke verenigings, unies en klubs ter wille van ‘n groter kompetisie basis, se uitslae opgeneem word in ‘n gesamentlike uitslag wat afsonderlik van die Combine uitslag gepubliseer sal word.

12. Enige wedvlugduiwe klub in Pretoria of onmiddellike omgewing kan om lidmaatskap van die PWDU of PWDF aansoek doen en nadat so ‘n aansoek

Goedgekeur 25-03-2008

volgens die konstitusie van die PWDU of PWDF afgehandel en aanvaar is, word die betrokke wedvlugduiwe klub outomaties lid van die Combine.

APPÈL TEEN BESLUITE OF OPDRAGTE VAN DIE PWDU OF PWDF

13. Enige lid kan by die bestuurskomitee appelleer teen enige besluit of opdrag van die PWDU of PWDF, op voorwaarde dat –

    (a) die sekretaris binne sewe (7) dae vanaf die datum van die beslissing of opdrag waarteen geappelleer word, skriftelik kennis van appél gegee word;

    (b) indien enige persoon wat deelgeneem het aan die verrigtinge wat vir die beslissing of opdrag verantwoordelik is, 'n verteenwoordiger in die bestuurskomitee is, hy hom by die aanhoor van die appèl moet onttrek;

    (c) die vakature wat aldus in die bestuurskomitee ontstaan deur die bestuurskomitee gevul moet word;

    (d) die kworum van die bestuurskomitee teenwoordig moet wees by die aanhoor van 'n appèl;

    (e) 'n bedrag van R200-00 saam met die kennis van appèl betaal word;

    (f) die bestuurskomitee die mag het om enige beslissing of opdrag van die PWDU of PWDF te bekragtig, te wysig of ter syde te stel op enige wyse hoegenaamd en enige beslissing van die bestuurskomitee is finaal en bindend.

14. Dit berus uitsluitlik in die diskresie van die bestuurskomitee of hy by die aanhoor van enige appèl mondelinge getuienis wil aanhoor en hy mag na goeddunke gelas dat die voormelde bedrag van R200-00 terugbetaal of behou word.

15. Dit is onwettig om stemme of steun te werf in verband met enige appèl en dit sal die betrokke lid blootstel aan skorsing of uitsetting uit die Combine, volgens die uitsluitlike en absolute goeddunke van die bestuurskomitee.

LIDMAATSKAP

16. Voornemende lede moet op die voorgeskrewe wyse en met die indiening van al die voorgeskrewe dokumente by 'n geaffilieerde klub van die PWDU of PWDF ‘n aansoek om lidmaatskap van die betrokke klub indien. Nadat die aansoek deur die geaffilieerde klub en daarna die PWDU of PWDF goedgekeur is, word die betrokke persoon outomaties ‘n lid van die Combine.

Goedgekeur 25-03-2008

17. Indien enige persoon ophou om lid te wees van die PWDU of PWDF, hou hy *ipso facto* op om lid te wees van die Combine en omgekeerd.

18. Geen lid het enige reg of aanspraak op die eiendom of fondse van die Combine nie.

LEWENSLANGE ERELEDE

19. Enige lid wat die Combine lank en getrou gedien het, of enige lid wat lang en verdienstelike diens aan die wedvlugduiwesport gelewer het kan deur die bestuurskomitee tot lewenslange erelid van die Combine verkies word.

ALGEMENE VERGADERINGS

20. 'n Algemene vergadering van lede word kragtens 'n besluit van die bestuurskomitee gehou of na ontvangs deur die sekretaris van 'n skriftelike versoek, waarin die doel van die vergadering uiteengesit is, van minstens 25 lede van elk van die PWDU en die PWDF.

21. Een honderd (100) lede maak 'n kworum uit by algemene vergaderings.

22. Indien daar binne dertig (30) minute na die vasgestelde aanvangstyd van 'n algemene vergadering nie 'n kworum aanwesig is nie, word sodanige vergadering verdaag tot een week (7 dae) later om dieselfde tyd en op dieselfde plek en dan maak diegene wat teenwoordig is 'n kworum uit en hulle is geregtig om die sake van die vergadering af te handel.

23. 'n Algemene vergadering het slegs die bevoegdheid om die spesifieke sake wat vir oorweging in die kennisgewing van die vergadering uiteengesit is, te opper, te bespreek en daaroor te besluit.

24. Die voorsitter, ondervoorsitter of, in hul afwesigheid, enige lid wat deur die vergadering verkies word, mag as voorsitter van 'n algemene vergadering optree.

25. Die voorsitter skryf die prosedure voor wat by enige algemene vergadering gevolg word, behalwe dat –

    (a) daar oor alle sake besluit word deur die opsteek van hande, met dien verstande dat die beslissings per stembrief geneem moet word na 'n mosie te dien effekte deur 'n behoorlik gesekondeerde lid;

    (b) die voorsitter 'n beslissende stem het in die geval van staking van stemme;

Goedgekeur 25-05-2008

(c) 'n algemene vergadering verdaag kan word tot sodanige tyd as wat die meerderheid van die lede aandui, met dien verstande dat daar by die verdaagde vergadering geen sake behandel mag word wat nie by die oorspronklike vergadering behandel kon gewees het nie en dat daar nie kennis van sodanige verdaging gegee hoef te word nie.

KENNISGEWINGS

26. Algemene vergaderings word belê deur die sekretaris wat skriftelik kennis daarvan aan die PWDU en PWDF moet gee. Die PWDU en PWDF moet op hulle beurt, volgens die voorskrifte van hul onderskeie konstitusies, kennis gee aan hulle lede. Datums vir algemene vergaderings moet so beplan word dat individuele lede die kennisgewing minstens twee (2) weke voor die datum van die vergaderings ontvang en die sakelys moet in die kennisgewings uiteengesit wees.

27. ‘n Rekord van alle verordeninge moet deurlopend opgestel en bygehou word. Wanneer enige aspek wysig, moet die PWDU en PWDF elk ‘n afskrif kry waarop die veranderings duidelik uiteengesit is. Sodanige wysigings moet dan deur die PWDU en PWDF onder die aandag van hul onderskeie geaffilieerde klubs gebring word en die verordeninge moet deur die klubs op ‘n geskikte plek in die klub beskikbaar gestel word sodat lede hulself kan vergewis van die inhoud daarvan. Dit bly egter die lid se verantwoordelikheid om homself voortdurend op hoogte te hou met genoemde veranderings.

LEDEGELD

28. Elke lid moet jaarliks sodanige ledegeld en vervoerkoste betaal as waarop die bestuurskomitee besluit.

29. Ledegeld en vervoerkoste is betaalbaar op die datums soos deur die bestuurskomitee besluit en moet deur die lede by hulle klubs en deur die klubs by die PWDU en PWDF inbetaal word. Die PWDU en PWDF moet op hulle beurt die ledegeld en vervoerkoste in die rekening van die Combine inbetaal.

30. Inbetalings van ledegeld en vervoerkoste moet binne drie (3) werksdae na die sperdatum soos in artikel 29 genoem, deur klubs by die PWDU of PWDF inbetaal word. Die PWDU en PWDF moet op hulle beurt binne sewe (7) werksdae na die sperdatum die oorbetalings aan die Combine maak.

31. Enige lid wat in gebreke bly om sy uitstaande rekening by sy klub teen 31 Desember ten volle te vereffen, word nie toegelaat en is nie geregtig daarop om vanaf 1 Januarie: identifikasieringe te kry, by enige algemene vergadering van sy klub, die PWDU, die PWDF of die Combine te stem of aan enige oefenvlug of wedvlug deel te neem nie, tot tyd en wyl sy uitstaande rekening van die vorige jaar ten volle aan sy klub vereffen is nie.

Goedgekeur 25-02-2008

32. Lede jonger as agtien (18) jaar, asook lede jonger as vier-en-twintig (24) jaar wat voltydse studente is sonder ‘n vaste inkomste, asook lede ouer as vyf-en-sewentig jaar, mag, na goeddunke van die bestuurskomitee, ‘n korting van tot 50% op hul jaarlikse ledegeld en vervoerkoste ontvang en word by betaling daarvan toegelaat om deel te neem aan alle wedvlugte wat deur die Combine gereël word.

33. Lede wat gesien word as “Beginners” en vir die eerste keer in hulle lewe aan die duiwesport deelneem, mag, na goeddunke van die bestuurskomitee, ‘n korting van tot 90% op hul jaarlikse ledegeld en vervoerkoste ontvang en word by betaling daarvan toegelaat om deel te neem aan alle wedvlugte tot die laaste jongduif wedvlug op die amptelike wedvlugprogram. “Beginner” status sal slegs in die eerste jaar wat ‘n persoon deelneem aan die duiwesport van toepassing wees.

34. Waar 'n duiwehok deur 'n vennootskap besit of beheer word, word die vennootskap vir die doeleindes van die heffing van die jaarlikse ledegeld en vervoerkoste as een lid beskou en slegs die jaarlikse ledegeld en vervoerkoste vir een persoon is aan die Combine betaalbaar.

35. Enige lid / vennootskap mag ‘n tweede span duiwe inskryf en sal dan vir die betrokke jaar aanspreeklik wees vir 1.3 keer die jaarlikse ledegelde en 2 keer die jaarlikse vervoerkoste. Sulke lede / vennootskappe sal egter oor slegs een stem beskik en word met betrekking tot alle ledesake en voorregte in die Combine as ‘n enkel lid beskou.

36. 'n Lid wie se lidmaatskap gekanselleer is, of wat uitgesit of geskors is of wat bedank het, bly aanspreeklik vir ledegeld en vervoerkoste wat betaalbaar is of wat hy nog nie betaal het nie. Die PWDU of PWDF moet ook die sekretaris van die Combine onmiddellik skriftelik in kennis stel wanneer 'n lid uitgesit of geskors is of bedank het.

FINANSIES

37. Die Combine boekjaar strek van die 1ste dag van Januarie van enige gegewe jaar tot die 31ste dag van Desember van dieselfde jaar. Die PWDU en die PWDF moet verseker dat hul boekjaar oor dieselfde tydperk strek.

38. Die Combine moet behoorlik boekhou, of laat boekhou, van die Combine se sake. Die Combine se boeke en rekeninge moet so gou moontlik na die afsluiting van elke boekjaar gebalanseer en dan geouditeer word en die bestuurskomitee moet elke jaar voor 15 Maart 'n balansstaat, 'n inkomste- en uitgawestaat en 'n verslag van die Combine se sake oor die vorige boekjaar aan die PWDU en PWDF beskikbaar stel.

39. Enige tekort wat gedurende 'n wedvlugseisoen mag ontstaan, moet by wyse van 'n pro rata-heffing op elke lid aangesuiwer word en sodanige betaling

Gedgekeur 25-02-2006

moet geskied op die wyse en binne die tydperk wat die bestuurskomitee bepaal.

40. Alle transaksies tussen die PWDU, PWDF en die Combine moet per tjek of direkte deposito of elektroniese oordrag plaasvind.

41. Elke beampte en lid van die Combine is daarop geregtig om te alle redelike tye die rekeningboeke en ander stukke van die Combine te inspekteer en die sekretaris, tesourier, ringbeampte, vervoerbeampte of wedvlugsekretaris of ander bewaarder is dienooreenkomstig verplig om die rekords beskikbaar te stel vir inspeksie.

42. Elke lid van die bestuurskomitee, amptenaar of werknemer van die Combine word uit laasgenoemde se fondse vergoed vir enige koste, onkoste, uitgawe, verlies en verpligting wat hy aangegaan het in die bestuur van die Combine se sake of in die uitvoering van sy pligte en geen sodanige persoon is aanspreeklik vir die optrede of pligsversuim van enige ander persoon op grond daarvan dat hy deel gehad het in die ontvangs van geld wat hy nie persoonlik ontvang het nie, of vir enige verlies op grond van 'n defek in die eiendomsreg van enige eiendom wat die Combine bekom het, of op grond van die ontoereikendheid van enige sekuriteit waarin enige geld van die Combine belê is, of vir enige verlies wat gely is om enige rede hoegenaamd anders as sy eie opsetlike optrede of wanprestasie nie.

IDENTIFIKASIERINGE

43. Die amptelike identifikasieringe, soos verskaf deur SANPO, sal deur die Combine uitgereik word aan lede. Die Combine Bestuur beskik oor die mag om tydens die bestelling van identifikasieringe vir ‘n betrokke jaar, te versoek dat bykomende letters op die Combine identifikasie ringe aangebring moet word.

44. Die uitreikings datum van identifikasieringe is die eerste dag van Januarie van elke jaar.

45. Geen duif, wat vir wedvlugte ingeskryf word, mag meer as een erkende identifikasiering dra nie en ook geen naamring of 'n ander ring wat die eienaar identifiseer nie.

WEDVLUGPROGRAM

46. Die wedvlugprogram word deur die bestuurskomitee opgestel, met die voorbehoud dat die bestuurskomitee die verantwoordelikheid mag delegeer na ‘n genomineerde lid of sub-komitee van die bestuurskomitee.

47. ‘n Konsep wedvlugprogram sal elke jaar aan die PWDU en PWDF beskikbaar gestel word ten minste een (1) maand voordat so ‘n program gefinaliseer

Goedgekeur 25-03-2008

word. Die PWDU en PWDF is verplig om ‘n vergadering te hou waartydens die konsep wedvlugprogram bespreek word en die kommentaar gekonsolideer word vir terugvoering aan die Combine se bestuurskomitee.

48. Die wedvlugroete word deur die bestuurskomitee bepaal, met dien verstand dat, mits onvoorsiene omstandighede dit anders wil, daar nie sonder meer van ‘n bepaalde roete afgewyk sal word nie.

49. 'n Wedvlugprogram vir elke reeks met volledige besonderhede soos inkorf datums, loslating datums, loslating plekke en -tye, inskrywings beperkings en inskrywings gelde ens. moet minstens twee (2) maande voor die eerste wedvlug aan alle lede beskikbaar gestel word.

WELKE DUIWE MAG DEELNEEM

50. Duiwe wat aan wedvlugte deelneem, moet die amptelike identifikasiering, wat deur die Combine of ‘n erkende genootskap uitgereik is, dra. Die besonderhede wat op die identifikasiering verskyn, met uitsondering van die eeu wat weggelaat mag word, moet presies so op die wedvluginskrywingsvorm aangedui word.

51. Slegs duiwe gering met die amptelike identifikasieringe, wat deur die Combine uitgereik of geregistreer en toegewys is as Derbyringe, mag aan die Derbywedvlug deelneem.

52. Slegs duiwe wat gering is met ringe waarvan die jaartal gelykstaande is aan die vorige jaar, mag aan jaaroud wedvlugte deelneem.

53. In geval van 'n dispuut oor eiendomsreg van duiwe, wat vir 'n wedvlug ingeskryf is of in die Combine-uitslae figureer, rus die onus op die lid wat die duif ingeskryf het, om te bewys dat die ingeskrewe duif sy wettige eiendom is, of dat hy oor die nodige magtiging beskik van die eienaar om wel die duif vir die wedvlug te mag inskryf.

54. 'n Lid mag nie verdwaalde duiwe vir homself toe-eien nie en moet alle middele tot sy beskikking aanwend om die wettige eienaar(s) van sodanige duiwe op te spoor. Dit is dus ontoelaatbaar om verdwaalde duiwe te behou sonder die geskrewe magtiging van die wettige eienaar.

55. Identifikasieringe wat deur die Combine verskaf en aan lede uitgereik word, moet deur die PWDU en PWDF op die name van sodanige lede geregistreer word. Die registrasie lyste moet die naam van die lid, sy telefoonnommer en die nommers van die ringe aan hom gelewer, aandui en ‘n afskrif van hierdie registrasie lyste moet minstens 1 keer per jaar aan die Combine ringbeampte voorsien word.

PRYSGELD EN NOMINASIES

Goedgekeur 25-03-2005

56. Die inskrywingsgeld betaalbaar, die getal plekke wat vir pryse in aanmerking sal kom, asook die verdeling van die prysgeld moet vir alle skemas wat die Combine aanbied, deur die bestuurskomitee bepaal word. Indien minder as die vereiste getal duiwe binne wedvlugtyd terugkeer, word al die pryse op ‘n pro-rata grondslag toegeken aan die duiwe wat wel plekke behaal het.

57. Met die uitsondering van die Derbywedvlug is geen wedvlug inskrywingsgeld verpligtend nie.

58. Elke wedvlug word beslis volgens die stelsel van snelheid, bereken volgens die reguit afstand en die tydsverloop tussen loslatingstyd en kloktyd. Die duif wat wen het die grootste getal meters per minuut afgelê en daarna word die plekke gevul in volgorde van die volgende grootste getal meters per minuut.

59. Pryse wat gebaseer is op inskrywingsgeld moet binne vyftien (15) dae na die publikasie van die betrokke wedvlugte se uitslae uitbetaal word.

60. Ponton inskrywingsgeld wat aan die einde van 'n wedvlugreeks nie gewen is nie, word nie terugbetaal nie, maar gaan ter stywing van die fondse van die Combine.

INKORWING

61. Inkorwing en ring van wedvlugduiwe mag nie 'n aanvang neem alvorens daar minstens ses (6) lede van die betrokke klub wat aan die naweek se wedvlugte deelneem, teenwoordig is nie.

62. Alle duiwe wat in wedvlugte meeding, moet van rubber wedvlug ringe of elektroniese ringe wat deur die bestuurskomitee van die Combine goedgekeur is, voorsien word.

63. Die volgende reëls sal van toepassing wees vir elektroniese klok en skandeer stelsels gedurende die mandjie van duiwe vir wedvlugte:-

a) Die registrasie skandeer stelsel (klub antenna / klub eenheid / CAN) en sekuriteit sleutels moet opgestel word volgens die normale en aanbevole operasionele prosedures deur die wedvlugsekretaris van die klub in ‘n oop en bereikbare posisie waar die boonste vlak, die sykante en die onderkant van die registrasie eenheid duidelik sigbaar is;

b) Enige persoon wat die skandeerder nader om ‘n duif se ring te kontroleer vir registrasie op die stelsel, mag geensins enige ringe, pleisters, horlosies, juweliersware of enige item aan sy hande of arms tot en met sy elmboë gevestig hê nie;

Goedgekeur 25-03-2008

c) Moue moet opgerol wees om sy kaal arms te vertoon en voordat enige elektroniese ring geskandeer word, moet die lid se hande op die skandeerder en sy vingers in die holte van die skandeerder geplaas word sodat daar bo alle redelike twyfel bevestig kan word dat daar nêrens in of op sy hande enige RFID identifiseerder vasgeheg is nie. Slegs nadat hierdie prosedure nagekom is, mag die lid 'n duif neem en voortgaan met die proses van elektroniese registrasie;

d) Dit is die prerogatief van die bestuurskomitee van die klub om te versoek dat enige lid of sy verteenwoordiger, sy hande moet her-skandeer te enige tyd gedurende die registrasie proses;

e) Om die duif vir die wedvlug te registreer moet die ring besonderhede op die identifikasie ring hardop uitgelees word aan die beampte wat die inskrywingsvorms kontroleer. Daarna word die duif se poot met die elektroniese ring aan in die holte van die skandeerder geplaas en die lid of sy verteenwoordiger moet wag dat die elektroniese klok die detail van die elektroniese ring op die elektroniese klok se skerm vertoon. Die beampte wat die inskrywingsvorms kontroleer sal dan die besonderhede soos op die inskrywingsvorm vervat vergelyk met die besonderhede soos dit vertoon word op die elektroniese skerm van die klok. Indien die besonderhede ooreen stem, sal die duif toegelaat word om gemandjie te word.

f) Indien die besonderhede soos op die inskrywingsvorm vervat verskil met die soos gelees vanaf die identifikasiering van die duif, moet die inskrywingsvorm dienooreenkomstig aangepas word. Indien die besonderhede soos vertoon op die elektroniese klok verskil met die besonderhede van die duif se identifikasiering, moet die verskil op die inskrywingsvorm aangeteken word en die beampte moet daarby teken voor daar toegelaat word dat die duif in die mandjie geplaas word. (*Hierdie stap is 'n toegewing, en die lid, die wedvlugsekretaris en die klub se klok komitee moet hierdie situasie binne sewe (7) dae korrigeer, aangesien so 'n duif nie 'n volgende keer toegelaat sal word om in 'n wedvlug deel te neem met verkeerde elektroniese ring besonderhede nie;)*

g) Enige duif met 'n elektroniese ring wat nie reageer op die skandering proses nie, mag nie gemandjie word alvorens 'n nuwe en werkende elektroniese ring aan die duif se poot geplaas is, en die lid se elektroniese klok stelsel opgedateer is met die nuwe korrekte besonderhede nie. Dit is die lid se verantwoordelikheid, om voordat duiwe op inkorf aande aangebied word vir registrasie, te verseker dat al sy duiwe oor geldige, geregistreerde en werkende elektroniese ringe beskik wat ook deur sy klub se registrasie eenheid aanvaar word;

Goedgekeur 25-03-2008

64. Die getal rubberringe met papieretikette nodig vir die inkorwing van 'n lid se duiwe moet, voordat sy duiwe met die rubberringe gering word, so vir die betrokke duiwe afgesonder word dat die lid nie daartoe toegang het nie.

65. Dit is elke klub se prerogatief om te besluit of ‘n lid toegelaat word om sy eie duiwe te hanteer met die doel om hulle met rubberringe te ring, of om hul elektroniese ringe te skandeer en daarna in 'n wedvlugkorf te plaas.

66. Indien ‘n klub besluit dat lede van die klub nie hul eie duiwe mag hanteer tydens inkorwing nie, moet mede klublede die duiwe hanteer om die inkorwingsprosedure na te kom. Dit behels die dra van die duiwe na ontvangs vanaf die eienaar na die ringer of skandeerder, die uitlees van 'n betrokke duif se ringbesonderhede. Die plasing van die duif se poort in 'n ringer of skandeerder vir die verkryging van ‘n rubberring of die verifikasie van die elektroniese ring besonderhede, asook die plasing van die duif in 'n wedvlugkorf soos deur 'n gemagtigde beampte aangedui.

67. Indien ‘n klub verkies om lede toe te laat om hul eie duiwe te hanteer, moet die volgende proses streng nagevolg word.

(a) Die lid sal self elk van sy deelnemende duiwe agtereenvolgens uit sy mandjie verwyder en sal die duiwe se identifikasieringe blootstel aan 'n ringleser wat die nommer en ander identifikasie besonderhede op 'n ring aan 'n skryfbeampte uitlees.

(b) Die lid sal dan die duif se poot in 'n ringer of skandeerder plaas om 'n rubberring korrek aan die been van die duif te laat sit, of om die elektroniese ring se besonderhede deur die beampte te laat verifieer.

(c) Die skryfbeampte sal die nodige inskrywings op enige dokument waaroor hy vir rekorddoeleindes beskik, aanbring, en in die geval van ‘n elektroniese klok, die besonderhede soos voorgelees, vergelyk en verifieer met die besonderhede wat op die elektroniese klok se skerm vertoon word, asook met die besonderhede wat op die inskrywingsvorm verskyn.

(d) Die lid sal dan die rubber of elektroniese ring aan die duif se been aan 'n kontroleur wys wat, nadat die rubber of elektroniese ring op die voorgeskrewe wyse (artikel 68) geïnspekteer is, die lid sal aansê om die duif in die wedvlugkorf te plaas wat deur die skryfbeampte aangedui is.

(e) Nadat die duif in die genoemde wedvlugkorf geplaas is, sal die lid sy oop hande aan die kontroleur van die korwe toon, en die kontroleur sal toesien dat die lid geen rubber of ander ring in enige hand hou nie. In die geval van ‘n elektroniese ring, behou die bestuurskomitee

Goedgekeur 25-03-2008

van die klub die reg om te enige tyd die lid te versoek om sy hande weer in die skandeerder te plaas.

(f) Die voorgaande prosedure sal herhaal word ten opsigte van elke deelnemende duif wat in enige wedvlug deur sy eienaar hanteer word.

(g) Indien daar ter enige tyd van die mandjie verrigtinge enigsins twyfel ontstaan oor die korrektheid van die prosedure, beskik die bestuurskomitee van die klub oor die mag om hulle te beroep op die bepalings en prosedure soos beskryf in artikel 66 van hierdie konstitusie, en dan daardie bepalings verder toe te pas.

68. Nadat 'n duif van 'n rubberring voorsien, of die elektroniese ring besonderhede ge-verifieer is, maar net voordat dit in 'n wedvlugkorf geplaas word, moet 'n genomineerde lid toesien dat elke duif 'n rubberring of elektroniese ring dra wat behoorlik om die duif se been geplaas is.

69. Dit is ontoelaatbaar vir 'n lid om die identifikasie ringnommers van sy eie duiwe tydens inkorwing aan die verifieerder van ringnommers uit te roep.

70 Al die oorspronklike wedvluginskrywingsvorms van elke klub moet net nadat ingekorf is, aan die tesourier of wedvlugsekretaris van die klub besorg word wat moet verseker dat hierdie vorms in 'n toegeplakte koevert geplaas en voor die gepubliseerde loslatingstyd van die eerste wedvlug van die betrokke naweek aan die tesourier of sekretaris van die PWDU of PWDF, of sy genomineerde, oorhandig word. Hierdie vorms sluit in die oorspronklike inskrywingsvorms sowel as die ondertekende gedrukte rekenaar drukstukke van die elektroniese klokke vir die betrokke wedvlug. Die tesourier of wedvlugsekretaris van die klub moet verseker dat die lid se naam, die elektroniese kloknommer, die klub antenna / klub eenheid / CAN se nommer, lukraak gegenereerde sekuriteitskodes, datum van inkorwing, tyd van inkorwing asook alle geregistreerde en ingekorfde duiwe se inligting wat op die drukstukke verskyn, duidelik leesbaar is.

71. Die korresponderende etikette van die rubberringe gebruik vir die ring van die duiwe van 'n lid, moet in 'n afsonderlike koevert toegeplak en deur die klub in veilige bewaring gehou word totdat die lid se klok gelees word.

72. Klubs word toegelaat om afsonderlik by hul onderskeie klubhuise in te korf, maar wanneer die bestuurskomitee so 'n verordening uitvaardig, moet alle geaffilieerde klubs gesamentlik inkorf op 'n plek en datum soos bepaal mag word.

SEËLS VAN KORWE

Goedgekeur 25-03-2008

73. Voordat duiwe vir 'n wedvlug ingekorf mag word, moet die groot uitlaatdeur van die wedvlugkorwe op die twee plekke met 'n loodseël verseël word. Nadat al die duiwe ingekorf is, moet die inlaatdeurtjies van die wedvlugkorwe ook met 'n loodseël verseël word voordat die korwe van die plek van inkorwing weggeneem mag word.

74. Die korwe moet vanaf die oomblik dat inkorwing 'n aanvang neem totdat dit op die voertuig wat die duiwe vervoer gelaai word, voortdurend onder toesig wees van minstens vier (4) lede wat aan die betrokke wedvlug deelneem.

KLOKREËLS

75. Slegs klok tipes wat vooraf deur die bestuurskomitee goedgekeur is, mag gebruik word.

76. Alle klubs moet 'n klokkomitee bestaande uit minstens drie (3) lede benoem.

77. 'n Lid wat met ‘n handklok aan wedvlugte wil deelneem moet minstens veertien (14) dae, maar nie meer nie as een-en-twintig (21) dae voor die aanvang van die eerste wedvlug van enige reeks, sy klok in goeie werkende toestand by die klokkomitee van sy klub inlewer. Die klokke moet deur die klokkomitee nagesien, gestel, verseël en aan die gang gesit word op dieselfde wyse asof dit vir 'n wedvlug gereed gemaak word. Nadat twee (2) dae, maar nie meer as drie (3) dae verloop het nie, moet die handklokke weer op dieselfde wyse as na 'n wedvlug geslaan word. (Kyk artikels 82, 84 en 86). Indien daar gedurende die wedvlugreeks gevind word dat 'n klok nie aan die vereistes van die klokreëls voldoen nie, moet so 'n klok deur die betrokke eienaar, en vir sy koste, herstel word tot die bevrediging van die klokkomitee. Die klokkomitee moet voordat die klok gebruik word, op dieselfde wyse te werk gaan soos vooraf uiteengesit in hierdie bepaling.

78. Nadat ‘n handklok goedgekeur en verseël is, moet dit altyd verseëld bly totdat 'n lid besluit om nie verder aan 'n wedvlugreeks deel te neem nie. Slegs die klokkomitee mag hierdie seël breek en die klok weer van 'n vars seël voorsien. Die verpligting rus egter op die eienaar van 'n handklok om toe te sien dat wanneer hy sy klok wegneem, dit verseël is en dat dit verseëld bly totdat hy dit weer aan die klokkomitee, vir welke rede ook al, moet oorhandig.

79. Seel tange van elke klub moet voortdurend deur die klub in veilige bewaring gehou word ten einde misbruik daarvan te voorkom.

80. Klokke moet op die inkorfdag, maar nie later nie as die dag voor die datum van die wedvlug gestel en aan die gang gesit word, behalwe in 'n geval waar die klok defek raak wanneer dit oorgestel of opgetree word ooreenkomstig artikel 86.

Goedgekeur 25-03-2008

81. Wanneer 'n handklok gestel word, moet die klokrol deur 'n lid van die klokkomitee geteken word, met vermelding van die lid se naam, nommer van die klok, die naam van die wedvlug en die datum waarop die klok gestel is. Die lid is geregtig om indien hy dit verkies ook die klokrol te teken. Wanneer hy dit doen, of verkies om dit nie te doen nie, word aanvaar dat hy tevrede is dat sy klok behoorlik opgewen is, daar genoeg papier op die klokrol is en dat sy klok korrek gestel en in orde is. Geen lid mag sy eie handklok stel nie. Alle elektroniese klokke moet gestel word volgens die voorskrifte van die vervaardiger van die betrokke elektroniese klok.

82. Die klub antenna / klub eenheid / CAN / mandjie antenna moet voor inkorwing in ooreenstemming met die sesde tuut van die SAUK se radio tydsein of in ooreenstemming met die Meester Klokstelsel van die klub gestel word. Die handklokke moet gelyktydig in ooreenstemming met die sesde tuut van die SAUK se radio tydsein of in ooreenstemming met die Meester Klokstelsel van die klub, uitgeslaan word.

83. In die geval waar klubs ‘n Meester Klokstelsel gebruik, moet al die klubs se Meester Klokstelsels weekliks, maar nie meer as 72 uur voor inkorwing, met die sesde tuut van die SAUK se radio tydsein gesinchroniseer word.

84. Na handklokke ooreenkomstig artikel 82 geslaan is, moet die nasienslag, gelyktydig, binne vyf (5) minute geneem word. Hierdie slag mag nie meer as twee (2) sekondes verskil met die tyd waarop die teken vir die neem van die slag gegee is nie. Wanneer die teken vir die slag gegee word, binne die vyf (5) minute toegelaat, moet dit nie vooraf bepaal word nie en dit moet van tyd tot tyd afgewissel word, byvoorbeeld dit moet nie altyd na twee (2) of drie (3) minute presies op die minuut gegee word nie. Indien daar meer as twee (2) sekondes verskil is, moet so n klok oorgestel en op 'n volgende SAUK / Meester Klokstelsel tydsein geslaan word. Kyk ook artikel 93 wat betref wie teenwoordig moet wees.

85. Gedurende die tydperk wat 'n klok vir een of ander wedvlug verseël is, het enige lid van die klokkomitee asook enige lid van die bestuurskomitee van die Combine, of 'n benoemde plaasvervanger die reg om so 'n klok te eniger tyd te ondersoek, en in die geval van ‘n handklok, 'n tydslag te maak, of die klok te inspekteer, en indien 'n defek gevind word, op te tree op 'n wyse wat goed geag word.

86. Ingeval dat 'n lid se handklok, nadat dit vir 'n wedvlug uitgeslaan is, gaan staan of defek raak voor die aankoms van sy eerste duif, moet hy sy klok verseëld aan 'n lid van die klokkomitee besorg. Laasgenoemde het die bevoegdheid om die betrokke klok oor te stel wat dan volgens die radio tydsein / Meester Klokstelsel, tesame met 'n tweede klok wat nie gestop en gestel hoef te word nie, maar wat as kontrole dien, aan die gang gesit kan word ooreenkomstig die bepalings van artikels 82 en 84. Of die lid mag by 'n

Goedgekeur 25-03-2008

medelid klok, of met ‘n ander klok wat volgens die korrekte voorskrifte van hierdie konstitusie vir die wedvlug voorberei is.

87. In die geval waar ‘n lid ‘n foutiewe elektroniese klok identifiseer wat lei tot ‘n verlies van alle wedvlug registrasie besonderhede, en hierdie verlies vind plaas nadat die duiwe reeds in die korwe geplaas is, moet hierdie aangeleentheid so spoedig moontlik onder die wedvlugsekretaris en die klok komitee van die betrokke klub se aandag gebring word. Hulle moet dan die situasie evalueer en indien bevind dat die lid geen fout begaan het nie, mag hulle die lid toelaat om ‘n “Oefenvlug” op sy elektroniese klok te registreer sodat alle duiwe wat vanaf die wedvlug terugkeer as oefenvlugduiwe geklok word. Die drukstuk van die “oefenvlug” sal hanteer word volgens dieselfde maatreëls as ‘n gewone wedvlug. Sulke drukstukke van “oefenvlugte” kan aanvaar word as ’n amptelike rekord van die lid se duiwe se aankomstye, mits die bestuurskomitee van die PWDU of PWDF saam met die betrokke klub ’n volledige ondersoek na die aangeleentheid uitgevoer en geen ongeruimdhede gevind het nie. Dit is die prerogatief van die bestuurskomitee van die Combine om sulke insidente te bevraagteken en hulself te vergewis van die feite asook die omstandighede rondom die gebeure en te besluit of dit toelaatbaar is, al dan nie.

88 In die geval waar ‘n lid se elektroniese klok tot so ’n mate foutief raak dat die klok onbruikbaar is, mag so ‘n lid ’n reserwe elektroniese klok verkry en aan die klok komitee van die klub oorhandig sodat die besonderhede van die lid se duiwe vanaf die klub se rekenaarstelsel op die reserwe elektroniese klok gelaai kan word. Die klok komitee van die klub moet dan ’n skyn wedvlug op die reserwe klok laai sodat ’n klokvariasie aan die einde verkry kan word. Na die laai van die skyn wedvlug, moet ‘n “Oefenvlug” op die elektroniese klok geregistreer word sodat alle duiwe wat vanaf die wedvlug terugkeer as oefenvlugduiwe geklok word. Bogenoemde aktiwiteite moet plaasvind voordat die duiwe vir die wedvlug losgelaat word en moet verder bestuur word volgens die voorskrifte in artikel 87.

89. Alvorens handklokke oopgemaak word, moet alle klokke op die klokdag saam met 'n SAUK-tydsein / Meester Klokstelsel gelyktydig met die sesde tuut geslaan word, en 'n nasienslag moet binne vyf (5) minute in die teenwoordigheid van minstens vier (4) mededingende lede geneem word. Eers nadat die genoemde slae geneem is, mag die klokkomitee die handklokke se seël breek en die klokke oopmaak. Handklokke moet elke dag waarop en nadat duiwe daarmee geklok is, op 'n SAUK-tydsein / Meester Klokstelsel geslaan word vergesel van 'n nasienslag soos omskryf in artikel 84.

90. Drukstukke van die aankomstye moet vir alle elektroniese klokke gemaak word voordat enige data elektronies na die klub se persoonlike rekenaar oorgedra mag word.

Gedgekeur 25-09-2008

91. Enige klokstrook van 'n handklok wat na tyd van inklok en voordat die klok geslaan word gaan staan, of van enige klok wat oopgemaak is voordat dit in ooreenstemming met 'n radiosein of meester klok geslaan is, of wat middeldeur geskeur is op enige plek tussen die oop- en toemaak ponsgaatjies voordat die klok deur die klokkomitee oopgemaak is, mag nie aanvaar word nie.

92. Enige elektroniese klok se drukstuk van die aankomstye, waarop ‘n verskillende sekuritetitskode of klub antenna / mandjie eenheid / CAN nommer vertoon word as die nommer wat tydens inkorwing gegenereer en op die oorsponklike inkorwings drukstukke gedruk is, moet na die bestuurskomitee van die Combine verwys word vir besluitneming.

93. Wanneer 'n handklok geslaan of oopgemaak word, of ‘n elektroniese klok se wedvlug kloktye word uitgedruk, moet minstens vier (4) mededingende lede teenwoordig wees, met uitsondering in die geval van artikel 86. 'n Lid is geregtig om teenwoordig te wees wanneer sy klok oopgemaak of sy wedvlug kloktye uitgedruk word. Die verantwoordelikheid berus egter by die lid wat self moet toesien dat hy, of sy verteenwoordiger, teenwoordig is ten tye van die oopmaak van die klok of die druk van die kloktye. Indien die lid nie van hierdie voorreg gebruik maak nie, word aanvaar dat dit met sy goedkeuring geskied.

94. Handklokstroke word altyd tot nadeel gelees en klokvariasie word bepaal op die tydseinslae vir nasien of uitslaan.

95. Ingeval 'n klok meer as drie (3) sekondes per uur wen, word die variasie buite rekening gelaat. Ingeval 'n handklok meer as drie (3) sekondes per uur verloor, moet dubbel die tyd verloor bygetel word by die berekening van klokvariasie. Let wel: Die gerekenariseerde spoedberekeningsprogram van die Combine maak outomaties voorsiening vir sulke penaliserings.

96. Indien ‘n elektroniese klok ‘n afwyking toon van meer as tien (10) sekondes gedurende ‘n vier-en-twintig (24) uur periode, moet die klokkomitee die lid in kennis stel dat sy klok foutief is en dat die betrokke klok by ‘n herhaling van so ’n afwyking, gediskwalifiseer sal word.

97. Indien 'n gaatjie waarin 'n rubberring veronderstel is om te wees, leeg is of 'n verkeerde rubberring in daardie gaatjie geplaas is wanneer die handklokke oopgemaak word, moet die tyd op die klokrol wat met daardie gaatjie ooreenstem, gekanselleer word. Elke handklokrol moet die vereiste twee (2) tydslae soos in artikels 82 en 84 omskryf, aandui.

98. Ruberringe moet behoorlik in die kompartement of doppie daarvoor bedoel, geplaas word. Wanneer die kokkomiteelid die rubberring uithaal, moet hy oortuig wees dat dit geheel en al in die kompartement of doppie waarin dit moet wees, was.

Goedgekeur 25-03-2008

99. Die rubberring se reeks- en kontrolenommer moet nagesien word met die van die papieretiket en met dit wat in die wedvluginskrywingsboek aangeteken is. Indien die nommer in die wedvluginskrywingsboek verskil met die rubberringnommer, moet die nommer aan die binnekant van die rubberring vergelyk word met die nommer aan die binnekant van die etiket. Indien hierdie nommers ooreenstem moet 'n aantekening tot dien effekte gemaak word.

100. Die besonderhede op die drukstuk van aankomstye van alle elektroniese klokke moet gekontroleer word met ’n afskrif van die inskrywingsvorm van die betrokke lid. Enige afwyking moet duidelik aangeteken word en die klokkomitee en die wedvlugsekretaris van die klub moet die afwyking verstaan en die verduidelikings daarvoor aanvaar.

101. Indien dit gebeur dat 'n beampte by die inskryf van ‘n rubberringnommer in die wedvluginskrywingsboek van ‘n lid 'n fout begaan, kan die bestuur van die betrokke klub, indien daarvan oortuig dat geen onreëlmatighede plaasgevind het nie, sodanige fout kondoneer en die prestasie toeken. Die bepalings van artikel 99 is ook hier van toepassing en moet streng nagekom word.

102. Alle rubberringe met papieretikette met betrekking tot duiwe wat in die klub uitslae voorkom, moet tesame met die klub uitslae, klokstroke en drukstukke van aankomstye van alle elektronies klokke, binne drie (3) dae na klokke geslaan is, aan die wedvlugsekretaris van die PWDU of PWDF oorhandig word. Indien die bestuurskomitee van die Combine dit verlang, moet enige of al bogemelde stukke ter tafel gelê word. Hierdie stukke moet vir minstens twee (2) maande deur die wedvlugsekretarisse van die PWDU en PWDF veilig bewaar word waarna dit vernietig mag word.

103. Elke klub moet in alle wedvlugte op die dag van inklok, die kloktye van die eerste drie (3) duiwe in die klub by die PWDU of PWDF se wedvlugsekretaris aanmeld indien die volle uitslag nie op daardie dag ingedien word nie.

104. Indien 'n klok, of klokstrook of drukstuk van aankomstye van elektronies klokke of rubberringe nie aan die vereistes van artikels 78 - 102 voldoen nie, moet die aangeleentheid met verstrekking van volle besonderhede, binne vier-en-twintig (24) uur na die gebeure aan die bestuurskomitee van die PWDU of PWDF vir 'n beslissing voorgelê word.

105. In die geval waar ‘n lid van ‘n elektroniese klokstelsel gebruik maak, is dit die lid se verantwoordelikheid om te verseker dat sy stelsel se hardeware en sagteware aanpasbaar is met die wat deur sy klub gebruik word, en slegs stelsels soos deur die bestuurskomitee van Combine goedgekeur, mag gebruik word.

106. Dit is elke klub se verantwoordelikheid om te verseker dat die elektroniese stelsels by die klub op ‘n korrekte en veilige manier gebruik word deur

Goedgekeur 25-02-2008

deurlopend te verseker dat of die laaste beskikbare weergawe van die sagteware, of die onmiddellik voorafgaande weergawe van die sagteware op alle lede se elektroniese klokke en die klub stelsel gelaai is. Dit bly egter die Combine se prerogatief om aan te dring op die gebruik van ‘n spesifieke weergawe van die sagteware op elektroniese klokke.

107. Dit is elke lid se verantwoordelikheid om ten minste veertien (14) dae voor die aanvang van die wedvlugte van ’n spesifieke reeks te verseker dat die wedvlugsekretaris en klokkomitee van sy klub ‘n lys ontvang van al sy duiwe wat hy wil registreer vir wedvlugte, met volle besonderhede van die inligting soos op die identifikasie ringe verskyn. Die lid moet gedurende hierdie periode reël met die wedvlugsekretaris en klokkomitee van die klub dat die duiwe se besonderhede op sy elektronies klok geregistreer word en dat elke identifikasie ring aan ’n spesifieke elektroniese ring gekoppel word en so op sy klok gelaai word.

108. ‘n Lid wat meer as een span duiwe wil inskryf, moet die wedvlugsekretaris van die klub dienooreenkomstig inlig en voorsien van ’n lys van duiwe met hul volle besonderhede per span. Die wedvlugsekretaris van die klub moet terselfdertyd verseker dat die lid se spanne apart geïdentifiseer word en indien die lid met ’n elektroniese klok deelneem ook verseker dat elke span apart geregistreer word op die lid se elektroniese klok.

109. Die wedvlugsekretaris van die klub moet ‘n drukstuk maak van die lid se span of spanne wat hy geregistreer het, en die lid moet op elke bladsy teken om te bevestig dat hy voldoen aan die vereistes van artikel 53. Enige verandering aan ‘n lid se span of spanne en die herlaai van duiwe of herkoppeling van elektroniese ringe aan spesifieke duiwe sal dieselfde proses noodsaak, en die wedvlugsekretaris en klokkomitee van die klub moet verseker dat die prosedure noukeurig nagekom word.

110. ‘n Gedrukte afskrif van alle geregistreerde duiwe sal aan die lid oorhandig word as bewys dat die duiwe geregistreer is en aan wedvlugte mag deelneem. ‘n Addisionele afskrif sal deur die lid onderteken word as bevestiging dat dit ‘n volledige lys van duiwe is wat hy van voorneme is om aan wedvlugte te laat deelneem.

111. Die data van die geregistreerde duiwe in ’n lid se elektroniese klok mag gedurende die seisoen opgedateer word, maar dit bly die prerogatief van die wedvlugsekretaris of enige genomineerde persoon in die klub om te eniger tyd ‘n drukstuk te maak van die duiwe wat op ’n lid se elektronies klok gelaai is, sodat bepaal kan word of die gekoppelde elektroniese ringnommers van alle duiwe ooreenstem met die rekords wat in die besit van die klub is. In alle gevalle waar opdaterings van ring besonderhede en of elektroniese ringe plaasvind, moet die prosedure van artikel 107 en 108 nagekom word. Indien daar verskille gevind word tussen die drukstuk vanaf ‘n lid se elektronies klok en die rekords wat in besit van die klub is, mag die lid se klok tydelik

Goedgekeur 25-02-2006

gediskwalifiseer word totdat die situasie herstel is. In al sulke gevalle moet die volledige besonderhede van die aangeleenthede binne vier-en twintig (24) uur na die ontdekking van die gebeure aan die bestuurskomitee van die PWDU of PWDF gerapporteer word vir ’n finale beslissing.

112. Onder geen omstandighede, tensy met eksplisiete goedkeuring van die bestuurskomitee van die klub, mag ‘n lid sy duiwe laai en of herlaai deur gebruik te maak van ‘n ander klub se stelsel nie. In al sulke gevalle moet die situasie met volle besonderhede aan die bestuurskomitee van die Combine gerapporteer word.

113. Die wedvlugsekretaris, klokkomitee of enige genomineerde lid van ‘n klub moet ten minste sewe (7) dae voor die eerste wedvlug van ‘n reeks verseker dat die elektroniese ringe van alle duiwe behoorlik om die duif se poot aangebring is. Hierdie kontrole moet daarna deurlopend toegepas word. Dit bly egter die individuele lid se verantwoordelikheid om te verseker dat al sy duiwe wat hy aanbied op mandjie aand se ringe korrek toegeken en behoorlik om die duif se poot aangebring is.

114. Die skandeer stelsel van lede wat van elektroniese klokke gebruik maak, moet veertien (14) dae voor die aanvang van elke wedvlugseisoen nagegaan word om te verseker dat hulle binne die ingangstelsel van die hok geïnstalleer is. Die klok komitee van elke klub moet elke lid wat van ’n elektroniese klok gebruik maak, se hok besoek en verseker dat dit die geval is en ook dat die skandeerstelsel met genommerde seëls verseël is. Die ingangstelsel van hokke moet ook van so ’n aard wees dat die duiwe onder beheer is wanneer hulle oor die skandeer stelsel beweeg om geklok te word.

115. Elke deelnemende lid se elektroniese klok nommer asook die sekuriteitsseël aan die kant van die klok en die skandeer stelsel in die hok se seël nommers, moet aangeteken word in ‘n register by die klub en ten alle tye beskikbaar wees vir inspeksie deur die bestuurskomitee van die klub of Combine. Dit is die lid se verantwoordelikheid om te verseker dat genoemde besonderhede minstens veertien (14) dae voor die aanvang van elke wedvlugseisoen aangeteken word. Die lid moet ook sy handtekening teenoor die besonderhede in die register aanbring ter bevestiging dat die inligting korrek is.

116. Die inligting soos na verwys in artikel 115 sal op ‘n deurlopende basis gebruik word om die integriteit van die lid se elektroniese klokstelsel te kontroleer en enige onverklaarde afwyking mag lei tot ‘n lid se diskwalifikasie. Dit is die lid se verantwoordelikheid om te verseker dat sy elektroniese klokstelsel se sekuriteit seëls volledig gedokumenteer word elke keer as daar ’n wysiging aangebring of ’n komponent by sy stelsel bygevoeg word. Die lid moet ook verseker dat alle wysigings en byvoegings onder toesig en beheerde toestande plaasvind met die medewete en goedkeuring van die klokkomitee van die klub. Veranderinge en byvoegings moet aangebring en in die betrokke

Goedgekeur 25-03-2008

register aangeteken word voor die aanvang van die wedvlug waarin die veranderinge of byvoegings vir die eerste keer gebruik gaan word. (*Veranderings in die konfigurasie kan wees as gevolg van 'n nuwe skandeerder by die hok, nuwe genommerde seëls, 'n nuwe elektroniese klok. Herstelwerk aan 'n lid se elektroniese klok wat aanleiding gee tot nuwe sekuriteitseëls, ens.)*

117. Dit is die lid se verantwoordelikheid om elektroniese ringe te gebruik wat aanpasbaar is by die klub se stelsel en wat deur die vervaardiger van die klok goedgekeur is.

118. Elke lid aanvaar aanspreeklikheid vir enige foute met sy elektroniese klokstelsel, asook die weiering van sy stelsel om elektroniese ringe met die tuiskoms van sy duiwe vanaf 'n wedvlugte, of tydens registrasie, te lees.

119. In die geval van 'n kragonderbreking of weiering van die skandeerstelsel om die elektroniese ring te lees, is dit toelaatbaar om die duif na die naaste buurman te neem en die duif deur middel van die "Oefenvlug" fasiliteit op die buurman se elektroniese stelsel te klok. Die wedvlugsekretaris van die klub moet die duif se elektroniese ring by die klub deur middel van die klubeenheid lees ten einde die duif se identifikasie ring te identifiseer. Indien 'n positiewe identifikasie gemaak kan word, moet die wedvlugsekretaris in oorleg met die klokkomitee van die klub besluit of die kloktyd soos deur die "Oefenvlug" geregistreer en op die oefenvlug drukstuk verskyn, aanvaarbaar is. Volle besonderhede moet aan die bestuurskomitee van die Combine verskaf word vir finale goedkeuring.

120. Enige registrasie stelsel / klub antenna / klub eenheid / CAN van enige klub moet altyd onder slot en grendel bewaar word wanneer dit nie in gebruik is nie. Die bestuurskomitee van die klub moet verseker dat die klub se eenheid vir registrasie en wedvlug beheer (klub antenna / klub eenheid / CAN) en alle sekuriteit sleutels te alle tye op 'n sentrale plek onder slot en grendel is waar enige Combine beampte dit kan inspekteer gedurende die wedvlugseisoen. 'n Lid mag onder geen omstandighede onbeheerde toegang verkry tot hierdie stelsels, sonder dat die nodige beamptes teenwoordig is nie.

121. Alle privaat klub antenna / klub eenheid / CAN / inkorf eenhede, moet aan die bestuurskomitees van die klub en Combine verklaar word. Eienaars van sulke privaat toerusting is verplig om op versoek van die bestuurskomitee van die Combine, sulke toerusting in te handig vir veilige bewaring.

122. Enige persoon wat 'n privaat klub antenna / klub eenheid / CAN / inkorf eenheid besit en die toerusting nie verklaar aan die bestuurskomitee van sy klub nie, sal, onderhewig aan die oordeel van die bestuurskomitee van die Combine, aan dissiplinêre stappe onderwerp word.

BEPALING VAN AFSTANDE

Goedgekeur 25.03.2008

123. Aansoeke om die opneem van hok koördinate moet ten minste veertien (14) dae voor die aanvang van die eerste wedvlug van die seisoen by die wedvlugsekretaris van die klub ingedien word.

124. Lede wat ooreenkomstig artikel 123 aansoek gedoen het om koördinate, sal tot tyd en wyl die aangewese beampte die korrekte koördinate volgens ‘n goedgekeurde GPS stelsels bepaal het, toegelaat word om mee te ding volgens die afstande van 'n hok waarvan die afstande reeds bekend is en welke afstande tot sy minste nadeel sal strek.

125. Wanneer 'n lid se hok verder as twintig (20) meter verskuif word, moet hy opnuut aansoek doen vir die opneem van hok koördinate.

126. Slegs afstande wat deur die amptelike uitslag program van die Combine bereken is, word aanvaar.

VERVOER, BEGELEIDING EN LOSLATING VAN DUIWE

127. Duiwe word met padvervoer wat deur die bestuurskomitee georganiseer is, vir oefenvlugte en wedvlugte vervoer.

128. 'n Amptelike begeleier (wat ook die vragmotorbestuurder mag wees) wat deur die bestuurskomitee aangewys word, moet in bevel wees van die vragmotor wat gebruik word vir die vervoer, versorging en loslating van wedvlugduiwe.

129. Duiwe kos wat tydens wedvlugte gebruik word, word deur die Combine voorsien en betaal.

130. Loslatingstye sal deur die bestuurskomitee van die Combine bepaal word, met dien verstande dat slegs onder omstandighede buite beheer, ‘n wedvlug loslating op 'n Sondag sal plaasvind. Loslatingstye word met inagneming van weersomstandighede vasgestel en aanvanklik beplande loslatingstye sal nie later as 09:00 vir enige wedvlug wees nie.

131. Die presiese tyd van loslating, die weersomstandighede op daardie oomblik asook die Geografiese Posisionering Stelsel (GPS) koördinate van die loslatingspunt moet deur die begeleier aangeteken word. Hierdie besonderhede moet so gou moontlik nadat die loslating plaasgevind het per sellulêre foon aan die wedvlugsekretaris van die Combine gekommunikeer word.

132. Die loslatingstyd, die weersomstandighede op daardie oomblik asook die Geografiese Posisionering Stelsel (GPS) koördinate van die loslatingspunt moet op die begeleier se verslagvorm aangeteken word en binne agt-en-veertig (48) uur na aankoms in Pretoria aan die wedvlugsekretaris van die Combine oorhandig word.

Goedgekeur 25-03-2008

133. Die wedvlugsekretaris van die Combine, of sy genomineerde moet na ontvangs van die loslating boodskap, die inhoud daarvan per SMS boodskap aan een genomineerde lid van elke klub kommunikeer. Sodanige genomineerde lid moet op sy beurt die boodskap per SMS aan al die ander deelnemende lede van sy klub meedeel.

134. Slegs die voorsitter en die vervoerbeampte of hul gemagtigde word toegelaat om opdragte aan die begeleier te gee. Dit is verkieslik dat hierdie opdragte op skrif gestel word.

135. In geval van enige onreëlmatigheid gedurende die vervoer of loslating van die duiwe, moet die begeleier 'n skriftelike verslag indien oor al die gebeur vanaf die tyd van sy vertrek vanaf die eerste klub waar duiwe opgelaai word tot en met sy terugkeer in Pretoria. Hierdie verslag moet by die sekretaris ingedien word binne agt-en-veertig (48) uur nadat die begeleier arriveer het.

OORNAGWEDVLUGTE

136. Die Combine se wedvlugsekretaris sal die amptelike sonsopkoms en sonsondergang tye vir Pretoria vanaf die Suid-Afrikaanse weerburo verkry vir die tydperk 1 Augustus tot en met 31 Oktober en ‘n kopie daarvan voor 1 Augustus elke jaar aan elke klub voorsien.

137. Die wedvlug vir die dag sal vyf-en-veertig (45) minute na amptelike sononder sluit en vyftien (15) minute voor amptelike sonsopkoms die volgende dag heropen. Indien een of meer duiwe na amptelike sluiting, maar voor middernag geklok word sal die kloktyd van sulke duiwe sowel as die tyd vir heropening van die wedvlug die volgende oggend dertig (30) minute voor die amptelike sonsopkoms tyd wees.

138. Indien een of meer duiwe na middernag en meer as vyftien (15) minute voor sonsopkoms geklok word, dan sal die wedvlug dertig (30) minute voor sonsopkoms heropen en die kloktyd van sulke duiwe sal aangepas word na vyftien (15) minute voor sonsopkoms.

139. (a) Elke lid moet die genomineerde lid van sy klub (hierna genoem die genomineerde) binne 30 minute nadat sy duif geklok is, in kennis stel van die benaderde kloktyd van elke duif wat gedurende nag-ure, dit wil sê tussen vyf-en-veertig (45) minute na die amptelike sonsondergang en vyftien (15) minute voor amptelike sonsopkoms, geklok word. Dieselfde rapporteer vereiste geld vir enige ander wedvlug wat deur die bestuurskomitee as ‘n rapporteringswedvlug aangedui word.

(b) Die genomineerde moet op sy beurt binne 30 minute nadat die eerste duif aan hom gerapporteer is, die kloktyd van die eerste drie (3) duiwe

Goedgekeur 25-03-2008

wat aan hom verstrek is aan die wedvlugsekretaris van die PWDU of PWDF rapporteer, met dien verstande dat indien enige beter kloktye aan die genomineerde gerapporteer word, hy sodanige beter tye aan die wedvlugsekretaris van die PWDU of PWDF moet rapporteer.

(c) Die genomineerde moet die gerapporteerde kloktye op die voorgeskrewe vorm aanteken asook die tye waarop lede kloktye aan hom gerapporteer het. Hierdie vorm, behoorlik ingevul, moet deur die genomineerde gesertifiseer word as korrek en saam met die klub se uitslag van die bepaalde wedvlug by die wedvlugsekretaris van die PWDU of PWDF ingelewer word.

140. Indien daar op loslatingsdag duiwe tuis is in ‘n klub, maar klokke nie gelees word nie omdat daar nie voldoende duiwe geklok is om al die plekke te vul nie, moet die kloktye van die eerste drie (3) duiwe in elke wedvlug van die dag, asook van die kloktyd van die laaste duif wat op die loslatingsdag in die klub geklok is, asook die totale aantal duiwe wat in elke wedvlug geklok is, voor 22h00 deur die klub aan die wedvlugsekretaris van die PWDU of PWDF vermeld word. Dieselfde geld vir die opeenvolgende dae indien die wedvlug nog oop is.

141. 'n Wedvlug sluit af ooreenkomstig die wenduif se kloktyd en afstand gevlieg waarby getel word die getal ure soos hieronder uiteengesit:

(a) tot 900 km : 24 uur (donkerure ingesluit);

(b) bo 900 km ; 48 uur (donkerure ingesluit).

ALGEMEEN

142. Dit is verpligtend dat die PWDU en PWDF in wedvlugte meeding onder die wedvlug- en klokreëls van die Combine. Beslissings van die bestuurskomitee oor enige aangeleentheid wat wedvlugte raak, is derhalwe ook van toepassing op elke geaffilieerde klub van die PWDU en PWDF.

143. 'n Lid word nie toegelaat om na meer as een hok in wedvlugte mee te ding nie, tensy sodanige hokke nie meer as twintig (20) meter van mekaar geleë is nie.

144. Die beperking op die getal duiwe wat deur die lede vir wedvlugte ingeskryf mag word, sal van tyd tot tyd deur die bestuurskomitee bepaal word.

145. Die wenduif van elke wedvlug in elke klub moet so gou moontlik deur twee genomineer mededingende lede van die klub nagegaan word wat dan aan die klub verslag doen oor die ringbesonderhede van die duif wat deur die eienaar aan hulle getoon is. Die duif moet ook in daglig minstens twintig (20) meter

Goedgekeur 25-03-2008

weg van die betrokke lid se hok losgelaat word om vas te stel of die duif na die hok terugkeer.

146. Die bestuurskomitee is geregtig om ‘n instruksie uit te vaardig dat die lede wat ‘n wenduif kragtens die bepalings van artikel 145 kontroleer by ‘n lid wat van ‘n elektroniese klok stelsel gebruik maak, die lid se elektroniese klok stelsel op ‘n toets wedvlug basis moet aktiveer net voordat die wenduif weg van die hok losgelaat word. Nadat die duif losgelaat is en oor die elektroniese ring skandeerder beweeg het, moet die lede wat die kontrole uitvoer die besonderhede wat deur die skandeerder gelees is en op die elektroniese klok vertoon word, aanteken en aan die bestuurskomitee van die klub terugvoer.

147. 'n Wedvlug word slegs gekanselleer wanneer die bestuurskomitee so besluit, maar vervoergelde word onder geen omstandighede terugbetaal nie.

148. Wedvluguitslae, in volgorde van plekke behaal, met vermelding van die naam van die lid, duif se ringnommer, die kloktyd, die afstand gevlieg en die spoed van die duif, moet so spoedig moontlik na die wedvlug aan elke geaffilieerde klub beskikbaar gestel word.

149. Enige besware teen foute wat in die uitslae voorkom, moet binne sewe (7) dae na publikasiedatum daarvan by die wedvlugsekretaris ingedien word.

150. Enige geskille in verband met die Combine se wedvluguitslae moet vir beslissing na die Combine se bestuurskomitee verwys word, wie se beslissing finaal en bindend is. Indien enige duif in enige wedvlug ’n spoed behaal wat, gegewe die omstandighede op die betrokke dag, deur die Bestuurskomitee as ’n onmoontlik spoed beskou word, beskik die Bestuurskomitee oor die mag om so ’n duif vir die betrokke wedvlug te diskwalifiseer, al sou daar geen bewyse bestaan wat dui op oneerlikheid deur die betrokke lid nie.

151. Die Derbywedvlug vir jaaroudduiwe sal oor 'n afstand van ongeveer 630 km plaasvind.

WYSIGING VAN GRONDWET

152. Die bepalings wat hierin vervat is, kan gewysig word deur nie minder nie as 75% van die lede wat teenwoordig is by 'n algemene vergadering wat vir daardie doel belê is, met dien verstande dat die presiese terme van enige voorgestelde wysiging uiteengesit moet word in die kennisgewing waardeur die vergadering belê word.

ONTBINDING VAN COMBINE

153. Die Combine kan slegs ontbind word kragtens 'n besluit geneem deur die meerderheid van die lede wat by 'n behoorlik gekonstitueerde algemene vergadering van lede teenwoordig is.

Goedgekeur 25-02-2008

154. By ontbinding moet die bates van die Combine gelykop verdeel word tussen die PWDU en die PWDF.

BESLEGTING VAN GESKILLE EN VERTOLKING VAN GRONDWET

155. Indien enige bepaling van hierdie grondwet nie nagekom word nie en enige geskille as gevolg daarvan ontstaan, moet dit na die bestuurskomitee verwys word wie se beslissing finaal en bindend sal wees.

156. In die geval van twyfel met betrekking tot die betekenis of toepassing van enige van die bepalings van hierdie grondwet of enige verordening wat daar kragtens opgestel is, is die vertolking van die bestuurskomitee finaal en onweerlegbaar.

Goedgekeur 25-03-2008